C

BLOU BOEK

KENNIS-KATEGESE

GOD SE KINDERS IN GOD SE WÊRELD

DOENBOEK
Graad 4-6

JOHANNES MOUTON

BM Bybel-Media | jeugfokus

INHOUDSOPGAWE

'n Brief vir jou 5

1. Afskop 7

Tema 1 – God: wie God is en wat God doen 9

2. God weet alles van ons 11
3. God is Koning oor alles en almal 13
4. God sorg vir ons 15

Tema 2 – Kerklike feeste 17

5. Lydenstyd: Jesus ly vir ons 19
6. Opstanding: Jesus leef! 21
7. Hemelvaart en wederkoms: Jesus kom weer 23
8. Pinkster: Die Heilige Gees, ons geskenk 25

Tema 3 – God se kinders: wie ons is en hoe ons leef 27

9. Keuses het gevolge 29
10. Welkom terug, wegloopkind 31
11. Ons praat met God 33
12. Gereed vir die nagmaal 35

Tema 4 – Ons verhouding met ander mense 37
13. Wees 'n goeie vriend 39
14. Help ander mense 41
15. Vergewe mekaar 43

Tema 5 – God se kinders in God se wêreld 45
16. Jesus, groot bo almal 47
17. Dis ons aarde, pas dit op 49
18. Wees 'n harde werker 51
19. Liefde wat leef en geleef word (Kersfees) 53
20. Ons sê dankie 55

'N BRIEF VIR JOU

Baie welkom by hierdie jaar se kategese. Dit is wonderlik dat jy deel van hierdie groep is. Ons glo jy sal dit geniet en baie van die Here leer.

Die Bybel is die wonderlikste boek op aarde. Dit is God se woorde aan mense. Ons leer daarin hoe God is en hoe ons as gelowiges ons lewe behoort in te rig. Dit is hoekom dit belangrik is dat jy die Bybel van jongs af lees.

Ons gaan jou daarom vanjaar help om God en die Bybel beter te leer ken. In die groep gaan julle elke week oor 'n onderwerp gesels en aktiwiteite saam doen. As groep gaan julle mekaar help en ondersteun. Julle gaan saam dink en saam gesels om die Bybel beter te leer ken en te verstaan sodat julle elke dag daarvolgens kan leef.

Dit sal lekker wees as jy elke week die ontmoeting bywoon, anders gaan jy baie mis.

Jy het natuurlik ook hierdie *Doenboek* om jou te help. Die *Doenboek* sal jou help om alles waaroor julle in die groep gesels het nog beter te verstaan. Maak dus in die week tyd om die aktiwiteite in die *Doenboek* te doen. Jy kan dit alleen of saam met iemand in jou huisgesin doen.

Ons bid dat hierdie jaar vir jou baie lekker gaan wees en dat jy sommer baie van God en die Bybel sal leer.

Geniet dit!

TEMA 1

GOD: WIE GOD IS EN WAT GOD DOEN

Ontmoeting 2

GOD WEET ALLES VAN ONS

KERNVERS

Waarheen sou ek gaan om u Gees te ontvlug? Waarheen sou ek vlug om aan u teenwoordigheid te ontkom?

– Psalm 139:7

KERNWAARHEID

God ken jou. Hy weet alles van jou. Daar is niks wat jy vir Hom kan wegsteek nie.

WONDER

Is daar iets waarvoor jy vir die Here wil dankie sê?

. . . . . .

. . . . . .

LEES EN DINK

Lees Psalm 139:1-24.

- Een van jou vriende sê: "Niemand weet wat 'n mens dink nie. Daarom kan jy maar dink wat jy wil." Wat sal jy hierop antwoord?

. . . . . .

- Kan ’n mens vlug na ’n plek waar die Here jou nie sal kan kry nie? Hoekom sê jy so?

- Kyk mooi na jouself in die spieël. Lees nou weer Psalm 139:13. Hoe laat dit jou oor jouself voel?

LEEF

Wat gaan jy anders doen noudat jy weet God weet alles van jou?

MY GEBED

GOD IS KONING OOR ALLES EN ALMAL

KERNVERS

"Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, Hy wat was en wat is en wat kom."

– Openbaring 4:8

KERNWAARHEID

God is ons Koning. Ons loof en prys Hom daarvoor.

WONDER

Is daar iets waarvoor jy vir die Here wil dankie sê?

. . . . . .

. . . . . .

LEES EN DINK

Lees Openbaring 4:1-11.

- Wat beteken dit dat die Here ons Koning is?

. . . . . .

- Hoe voel jy wanneer jy hoor die Here is deur sy Gees oral teenwoordig?

- Wanneer dit met jou swaar gaan, hoe help dit jou om te weet God is Koning oor alles en almal?

LEEF

Op watter maniere kan jy God loof omdat Hy jou Koning is?

MY GEBED